NG Kerk Vrystaat | Zastron Gemeente

## VAKATURE - VOLTYDSE LERAAR
## NG GEMEENTE ZASTRON

**GEMEENTEPROFIEL:** Die NG Gemeente Zastron is in 'n gevestigde gemeenskap, geleë in die skilderagtige Suidoos-Vrystaat, ongeveer 185km vanaf Bloemfontein. Die gemeente bestaan uit 350 belydende- en 60 dooplidmate, waarby die Tehuis vir Bejaardes, *Huis Vergesig*, ingesluit is. Die gemeente bestaan uit sewe plaas- en 15 dorpswyke. Die dorp beskik oor 'n lewenskragtige skool met ongeveer 420 leerders. Hierdie leerders kom uit die dorp en ander omliggende plattelandse dorpe. Hulle woon in vier koshuise wat ook onder die gemeente resorteer.

**LERAARSPROFIEL:** Daar word gesoek na 'n persoon in die ouderdomsgroep van 35 jaar en jonger, wat:

- vanuit 'n entoesiastiese verhouding met die Here leef;
- met deernis na mense omsien;
- in 'n span kan saamwerk; en
- entoesiasme vir 'n kreatiewe jeugbediening het.

**(NOTA**: Finalejaar teologiese studente is ook welkom om aansoek te doen, aangesien die beroeping van 'n leraar eers ná afloop van legitimasie van studente sal plaasvind.)

**AANSOEKE:** Aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV en volledige kontakbesonderhede van ten minste twee verwysings. **Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en preekbeurt.**

Rig aansoeke aan:
Die Saakgelastigde
Posbus 72
ZASTRON
Per e-pos aan **ZASNGKERK@webmail.co.za** of, per faks na 086 590 1116

***Die Kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.***

**SLUITINGSDATUM:** Vrydag 9 November 2018
**VERGOEDING & VOORDELE:** Onderhandelbaar met inagneming van die sinodale riglyne. 'n Doelmatige pastorie is beskikbaar.
**DIENSAANVAARDING:** 1 Maart 2019, of soos onderling gereël
**NAVRAE: (i) Saakgelastigde**: Mev Hannatjie van der Vyver - 051 673 1333
**(ii) Leierouderling:** Lomon de Jager - 083 678 6411
**(iii) Leierdiaken:** Corné van Niekerk - 082 908 1716